



**VRAAG 2: NOK**

**Beweging:**

- Die volger styg teen eenvormige beweging vir 20 mm oor die eerste 60° van die rotasie.
- Daar is 'n rusperiode vir 30°.
- Die volger styg teen eenvoudige harmoniese beweging vir 50 mm oor die volgende 90° van die rotasie, tot by die maksimum verplasing van 70 mm.
- Die volger daal teen eenvormige versnelling en vertraging terug na die oorspronklike posise oor die res van die rotasie.

**Instruksies:**

- Teken volgens 'n horisontale skaal van 130 mm = 360° en 'n verplasing skaal van 1 : 1, die volgende verplasingdiagram vir die vereiste bewegings.
- Benoem die grafiek en dui die skaal aan. **[17]**

ASSESSERINGSKRITERA			
1	KONSTRUKSIE	6.5	
2	PUNTE + KURWES	9.5	
3	BYSKRIFTE	1	
PENALISERING (1)			
SUBTOTAAL		17	

**VRAAG 2: NOK**

**Beweging:**

'n Nok roteer teen 'n konstante snelheid en verleen die volgende beweging aan 'n volger:

- Dit styg met eenvormige beweging vir 21 mm oor die eerste 15°
- Die volger styg teen eenvormige versnelling en vertraging vir 50 mm tot by 150° van die rotasie, om maksimum vertikale verplasing te bereik.
- Die volger daal teen eenvoudige harmoniese beweging terug na die oorspronklike hoogteposise tot en met by 315°.
- Daar is 'n rusperiode vir 45° om die rotasie te voltooi tot by 360°.

**Instruksies:**

- Teken volgens 'n horisontale skaal van 150 mm = 360° en 'n verplasing skaal van 1 : 1, die volgende verplasingdiagram vir die vereiste bewegings.
- Benoem die grafiek en dui die skaal aan. **[18]**

ASSESSERINGSKRITERA			
1	KONSTRUKSIE	7.5	
2	PUNTE + KURWES	9.5	
3	BYSKRIFTE	1	
PENALISERING (1)			
SUBTOTAAL		18	



NOK	BERAAMDE TYD VIR VOLTOOIING	35 MIN	GRAAD <b>12</b>	NAAM & VAN	TAAK	BLADSY
	JOU TYD VAN VOLTOOIING	MIN			<b>13.1</b>	<b>46</b>